


2026

# DIE KOORD

## UNIVERSITEITSOORD



### DS ANUSCHKA DU PLESSIS

Pinkster kom en gaan elke jaar weer verby. Vir vyf dae preek ons oor die Heilige Gees. Ons sing die bekende Pinksterliedere. Ons steek die kerse aan. Ons vier Nagmaal en sluit af met 'n Pinksterfees. En voor ons ons oë uitvee, is die week verby en wag ons reeds vir die volgende item op die kalender. Dit gebeur maklik dat Pinkster net nog 'n gebeurtenis in die kerklike jaar word – iets waarna ons met waardering terugkyk voordat ons weer aangaan met die gewone ritme van die lewe.

Maar dalk was dit nooit die bedoeling nie. Want Pinkster herinner ons daaraan dat God steeds besig is om te werk. Dat die Heilige Gees nie gekom het om bloot 'n herinnering uit die verlede te wees nie, maar 'n lewende werklikheid wat ons elke dag vorm, lei en verras.

Tydens vanjaar se Pinksterreeks het ons saam deur die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan gestap. Ons het gekyk na die gewonde man langs die pad, die rowers, die priester, die Leviet, die Samaritaan en die herbergier.

## MEI - JUNIE

## NO. 718

En soos dit dikwels met goeie verhale gebeur, het ons mettertyd besef dat die verhaal nie net oor hulle gaan nie – dit gaan ook oor óns. Die gelykenis hou immers 'n spieël op waarin elkeen van ons iets van onself kan raaksien.


Soms herken ons iets van die gewonde man – daardie dele van onself wat moeg, seer en afhanklik van ander se genade is. Soms moet ons eerlik erken dat ons ook ander mense wond, soos die rowers in die verhaal, al is dit nie altyd opsetlik nie. Ons het ook gesien hoe maklik geloof kan verander in bloot godsdienstigheid, terwyl ons by mense se nood en swaarkry verbyloop.

Miskien was dit die grootste ontdekking van Pinkster: dat die Heilige Gees ons nie net nader aan God bring nie, maar ook nader aan mekaar.

Ons leef in 'n tyd waarin dit maklik geword het om afgestomp te raak. Die nood van die wêreld is groot. Die nuus is swaar. Die eise van die lewe hou ons besig. Baie dae probeer ons bloot net kop bo water hou. Tog bly die Heilige Gees ons telkens terugroep na iets eenvoudig, maar diep betekenisvol: om mense te wees met oë wat regtig sien, hande wat bereid is om te help en harte wat oopbly vir die mense rondom ons.

Dalk word God se teenwoordigheid nêrens meer sigbaar soos wanneer gewone mense, buitengewone deernis aan mekaar bewys nie. Daarom sal Pinkster se werk nooit werklik klaar wees nie.

# PREEKBEURTE



## ALLE INLIGTING



# ONS NUUTSTE TROUPAARTJIE



## ONS STEL BEKEND:

### ANUSCHKA & MIAS DU PESSIS

15 April 2026 | Bell and Blossom

## ONS FINANSIES

Baie dankie vir almal se samewerking en bydraes! Ons het ons Meimaandbegroting gehaal, en bestuur ons uitgawes versigtig binne ons vermoë. Ons gemeente se finansiële state is ook afgehandel en sal nou aan die Kerkraad en Sinode deurgegee word.

Die FK

NG Gemeente Universiteitsoord  
ABSA  
Tjekrekening  
Takkode 632005  
540 580 006

SnapScan





# Pinkster 2026



*Van Gogh se Samaritaan:  
in Skildery wat praat*




*Agmaalfees*



# FASILITEITSOPGRADERING

'n Opgeknapte verwelkomingsruimte vir gemeenskap, bediening en ontmoeting



## 01 STOEP

- Plantbokse

Groen verwelkoming wat die skepping vier en 'n vriendelike indruk skep van binne en buite die kerk.

## 03 KONSISTORIE

- Hergebruik bestaande houtraamdeure
- Nuwe koffiastase
- Nuwe beligting
- Skuur en verf van solfied en mure
- Nuwe glasdeure na Kantoer
- Herstel vloer
- Verbeterde akoestiek vir gemak en gesprekke

'n Praktiese en gasvrye ruimte vir ontmoeting, beplanning en bediening. Kan gebruik word vir kleiner byeenkomste wat kan uitspan na buite.

## 05 NUWE TOILET EN BABATAFEL

Gerief vir gesinne, gemeente en mense in rolstoelle

## 02 INGANGSPORTAAL

- Glas ingang
- Skuifpanele tussen portaal en kerkruiem
- Nuwe beligting
- Herstel vloer
- Die skepping van aanpasbare, veeldoelige, groter ruimte

'n Ligte, oop en uitnodigende ingang wat mense na die hart van die kerk lei.

## 04 KANTOOR

- Vervang vensters
- Nuwe toonbank
- Herstel vloer
- Meer oop en toeganklik
- Nuwe beligting
- Verf mure

'n Ligte, meer toeganklike kantoorspasie vir vriendelike diens en maklike administrasie.

## 06 KAPEL

- Vervang glaspanele
- Verf van solfied
- Verbeter akoestiek
- Nuwe beligting
- Herstel van vloer
- Verf mure

'n Stil ruimte vir klein eredienste en gebed.



Hierdie opgradering skep ruimtes wat ons uitnooi, verbind en toerus - vir vandag en vir geslagte wat kom.



**GASVRYHEID**  
'n Warm tuis-koms vir almal



**ONTMOETING**  
Spasies om saam te leef en saam te aanbid



**BEDIENING**  
Gerief wat ons bediening ondersteun



**TOEKOMS**  
Duursame ruimtes vir volhoubare impak



# Ons Bouplanne

DS ARNO MEIRING

Ons is baie opgewonde dat die tweede fase van ons bouwerk op 15 Junie begin het. Hierdie opgradering moet ons verlore bedieningsruimtes – wat ons verloor het met die ontwikkeling – aanvul. Die glasfasade sal die portaal meer geskik maak vir groot byeenkomste (ipv Karoolsie), die spreekkamers moet ingerig word vir groeigroepe, pastorale gesprekke en werkstasies. Die veranderinge aan die kantoor, moederskamer en kapel sal beter gebruik verseker.

Ons glo ook dat die verbeteringe vir ons 'n bykomende bron van inkomste kan wees. Alle kerke moet deesdae hulle inkomste aanvul met verhuurings; die veranderinge sal ons gebou meer geskik maak vir verhuurings, konserte, ens.

Ons is baie trots op ons kerkgebou en glo dat die opknappings ons eie lidmate en besoekers sal intrek en opgewonde maak, ons energie weerspieël en bedieninge ondersteun.

Die basiese bouplanne kom al van 2023 af toe dit in die kerk bekendgestel is. Kom kyk gerus na die detailplanne in die portaal.

*Warm, gasvry en funksioneel – ruimtes wat bediening en ontmoeting inspireer*

**02 INANGSPORTAAL**  
'n Aanpasbare, veeldeelige en groter ruimte wat kerk en gemeenskap verbind.



**03 KONSISTORIE**  
'n Ligte ruimte vir vergaderings en kleiner byeenkomste wat kan uitvloei na die tuin.




BINNE RUIMTES



**04 KANTOOR**

'n Meer oop, toeganklike kantoor ruimte vir vriendelike diens en maklike administrasie.





**06 KAPEL**

'n Stil en mooi ruimte vir kleiner eredienste, gebed en pastorale gesprekke.



**07 WEGBREEK RUIMTES**

Intieme en veelsydige ruimtes vir kleiner groeigroepesprekke, ontmoetings, gebed en informele samekomste.





# UNIOORD DRAWWERS



Studente

Die Drawwers is 'n groep studente wat mekaar aanmoedig om saam te draf en 'n gesonde leefstyl te bevorder. Elke week kom hulle op LC bymekaar om saam kilometers aan te pak, mekaar te motiveer en nuwe vriendskappe te bou. Dit gaan nie oor spoed of prestasie nie, maar oor gemeenskap, deursettingsvermoë en die lekkerte daarvan om saam aktief te wees. Of jy nou 'n ervare hardloper of 'n beginner is, daar is altyd 'n plek vir jou tussen die Drawwers – waar elke tree saam geneem word en elkeen aangemoedig word om aan te hou.

# HOUERS VOL HOOP



Medius

Daar is 'n lekker koue briesie in die lug, en dit beteken die winter is hier – asook die tyd vir ons **Houers-Vol-Hoop**-projek!

Danksy die ondersteuning van ons gemeente kon ons vanjaar ongeveer 210 bottels met sopbestanddele vul. Daar is ook ekstra droë soppakkies, asook baie komberse en klere, ingesamel om mense in nood gedurende die winter te ondersteun.

Baie dankie aan elkeen wat 'n bydrae gemaak het tot hierdie projek. Julle omgee en vrygewigheid maak 'n tasbare verskil. 'n Spesiale woord van dank aan Medius (ons jongvolwassenes), wat gehelp het om al die bottels met sorg te verpak.

Al hierdie skenkings word aan die CMR se sopkombuis oorhandig, waar dit mense in nood sal ondersteun. Ons vertrou dat hierdie geskenke warmte, hoop en bemoediging vir baie sal bring.



14 Aug

30 ste Fees

1 Kos-Insameling

# K A S K A R



## DRIVE TO SURVIVE

1 4 A U G

# 2 0 2 6



## NG UNIVERSITEITSOORD



# WAT IS KASKAR

**SEDERT 1994  
HOU ONS AL KASKARFEES!**

Kaskar 2026 is om die draai. 14 Augustus trek verskillende spanne, jonk en oud, weer weg om te sien wie die meeste en die vinnigste om die kerk kan hardloop. Dit is NG Universiteitsoord se grootste fondsinsamelingsprojek vir die jaar. Die fondse word gebruik om ons gemeente te onderhou, uitreike van studente te ondersteun en ons preekreekse aan die gang te hou!

Ons skop hierdie jaar 'n nuwe projek af "DRIVE TO SURVIVE".

## **WAT IS "DRIVE TO SURVIVE"?**

Hierdie jaar is daar 'n ekstra stukkie opgewondenheid wat deel vorm van hierdie alreeds opwindende dag. Ons het hande gevat met Life Abundant, 'n forum wat ontstaan het binne die Teologie Fakulteit met die doel om studente in nood te help en te bemagtig. Ons samel saam met Life Abundant nie-bederfbare kosprodukte in om studente in nood te kan help. Ons het agter gekom, dat veral tydens eksamen en vakansietye, dat studente wat afhanklik is van beursgeld, se fondse opraak en hulle nie meer geld vir kos het nie. Dit is vir ons 'n geleentheid om te kan help. Saam met Life Abundant en die Oppistoep-gemeentes, het ons 'n sterk netwerk om verskillende studente met verskillende uitdagings en behoeftes te kan bedien. Jou bydra, al is dit net een blikkie kos, kan 'n groot verskil maak. As jy bereid is om meer te wil gee, neem vir jou 'n inkopiesak by die kerkkantoor wat presies wys wat ons benodig.

## **WAT IS DAAR OM TE EET?**

Ons het verskeie stalletjies wat jy kan ondersteun.

Hierdie stalletjies sluit in:

Kerrie en rys, poeding, vrugte en groentemark wat ons "die spens" noem en boeke. Ons studente en jongmense help ook elke jaar! Amicus (ons dagstudente) beman smullende pannekoek, Meraki (ons koshuis-studente) hou die vure aan die gang vir ons boereworsrolle saam met koeldrank en ons jongvolwassens maak seker daar is heerlike warm koffie en koek in ons Koffiehuis!

## **HOE KAN EK MY DEEL DOEN?**

Besluit by watter stalletjie jy wil help of dit nou is om op die dag die stalletjie te help beman of net bestanddele te bring of selfs 'n koek te bak. Kontak dan die stalletjie se koördineer om te hoor wat hulle als benodig. Kontantbydrae is natuurlik altyd welkom.





# HOE KAN EK HELP

## SKENK BESTANDDELE OF HELP MET VERKOPE

Pannekoek

Amicus-  
Studentewyk



- Meel
- Suiker
- Asyn
- Kaneel
- Olie




Worsbroodjies & sosaties

Meraki-  
Studentewyk



- Vleis (boerewors / sosaties)
- Margarien
- Buns (hotdog)
- Tamaties & uie
- Souse (tamatiesous, mosterd)



Koffiehuis:  
Koffie & koek

Medius



- Varsgebak
- Filterkoffie, koffiesakkies
- Melk
- Kondensmelk
- Five Roses & Freshpak rooibos



Kerrie & Rys



- Rys
- Maalvleis
- Blatjang
- Klapper
- Piesangs



Nagereg  
& Lekkergoed



- Vars gebak
- Gebakte Poeding
- Vla
- Roomys
- Lekkers

## HOU JY VAN BAK?

Spens:  
Groente & Vrugte



- Enige boere? Laat weet ons gerus hoe jy 'n bydrae wil maak.
- Of kom help ons net met verkope

Boeke:



- Skenk boekie of kom help sorteer



# ‘N BUITENGEWONE ONTMOETING

ARNO MEIRING

Daar is ‘n wêreldwye veldtog om gesprekke tussen Christene en Moslems op grondvlak te bevorder. Ek is gevra om só ‘n gesprek tussen Christen-en Moslemstudente te organiseer, en was dadelik baie opgewonde. (Ek glo dat intergodsdienstige dialoog die beste manier is om ons geloof met mense van ander oortuigings te deel). Maar dit was nie eenvoudig nie...

Dit het begin by ons deelnemers. Ek het vinning ‘n klompie studente aan ons kant bymekaar kon kry; hulle het presies verstaan wat sou gebeur en was reg vir die ontmoeting. Aan die Moslemkant het ek eerste gesels met Qari Nomaan Shaikh van die “Metro Moskee” wat belowe het om na Ramadaan ‘n groepie studente te stuur. Ramadaan het gekom en gegaan, maar Nomaan se dagboek wou nie uitwerk nie en hy was ook nie opgewonde om ‘n gemengde groep (mans en vrouens) bymekaar te kry nie.

Ek het toe ‘n ander plan gemaak, en kontak probeer maak met die Moslemvereniging (MSA) op kampus en uiteindelik by ‘n baie oulike Moslemstudent, Fareedah, uitgekom wat die MSA se dinge gereël het. Intussen het die Moslems ook onder mekaar gekoukus, en toe laat weet hulle stuur ‘n afvaardiging van die Metro Moskee, ‘n Moulana en sy Iman-studente uit Durban, die MSA-studente en volwasse toeskouers. ‘n Baie groter – meer formidabele groep – as wat ek in gedagte gehad het.

Die datum en tyd was ook ‘n uitdaging, maar uiteindelik kon ons ‘n ontmoeting reël vir Donderdagaand 14 Mei – net voor ons ekumeniese Hemelvaartdiens. Ek was nogal bly, want ek het gehoop hulle sou dan sommer iets van ‘n Christelike erediens kon beleef, veral by ‘n ekumeniese diens wat in Engels aangebied is.

Ek het sommer ons Oppistoep-kerke ook genooi om studente na die gesprek te stuur. Ons Dinsdag Bybelstudiegroep het belowe om vir die ontmoeting te bid, en Jan van Schoor sou Gideons-Bybeltjies vir die Moslems skenk.

So is alles gereël en die Halaal-pizzas bestel, toe die Moslem Moulana vra of hulle dalk sommer hulle aandgebede by ons kerk kan doen! Dit sou tyd spaar, en dan sou ons dadelik na sonsondergang kon wegspring. Gegewe die onlangse debatte en sensitiviteit rondom Moslems in kerke, het ek vir my kollegas raad gevra, maar ons het gevoel dat ons graag vir hulle sal wil akkommodeer: Christelike gasvryheid is juis ook deel van ons getuienis. Ek het ook gevoel dat dit darem nie in die kerk nie sou gebeur nie, maar in die saal.

Toe die eerste karre met Imam-leerlinge stop, het ek geskrik, want dit het gelyk of die Taliban op ons is: Almal was aangetrek in swart klede, swart kufi's en lang baarde. Die volgende groep was ons eie studente – vrolik en oulik – maar skielik het ek besef dat ons rokkies baie kort is. So het die lang, rooi gebedsmat ook aangekom, met nog groepies Moslems en ook ‘n vurige afvaardiging van Elim.

En toe begin ons gesels, en almal ontdooi. Die gesprek was baie interessant – hier is ongelukkig nie plek om alles te rapporteer nie. Daar was gedebatteer oor die waarheid, oor die Koran en die Bybel, Mohammad en Jesus. Die studente het mekaar uitgevra oor hul praktiese geloofslewe, gebede, hul ervarings van God en drome vir die toekoms. Dit was ‘n heerlike gesprek en ek was baie trots oor ons eie groepie studente. Hulle was selfversekerd, maar het gepraat oor genade, getuig van hulle verhouding met die Here. Uiteindelik het ons mekaar as medemense ontmoet en iets van die ander begin verstaan.



Na die gesprek is ons studente Hemelvaart toe, terwyl die Moslems nog 'n slag hulle gebedsmat uitgerol het. Ek het hulle daarna kerk toe genooi, en hulle het tot my verbasing ingegaan en geluister hoe Christian preek. Buite die kerk het ons gesels oor Hemelvaart – oor Jesus en die Heilige Gees. Ook oor ons Christelike simbole en rituele en die groot rol wat musiek in ons ontmoeting met die Here speel. Ons het die aand afgesluit – soos Universiteitsoord nou maar doen – met koffie en paasbolletjies – waaraan ons gaste heerlijk geëet het!

Ons het hierna 'n ontlading (debrief) met ons eie studente gedoen, en 'n nog 'n dieper opvolggesprek met 'n kleiner groepie studente. Hulle het belowe om ons weer na hulle Moskee uit te nooi.

## BOEKRESENSIE

GERHARD VAN DER LINDE

Ben-Chorin, Schalom. 2001. *Brother Jesus: the Nazarene through Jewish eyes*. Athens: University of Georgia Press.


Ben-Chorin is in 1913 in München gebore as Fritz Rosenthal en het in 1935 na Palestina emigreer. Hy beweer Jesus se geboorte “is shrouded in darkness” (bl. 23). Die verhale van sy geboorte bevat “typical legend motifs” (bl. 24); daar is ook parallels met die verhaal van Moses. Die verhaal van die vlug na Egipte is “equally mythical” en kan herlei word na 'n frase in Hosea 11:1. Jesus se doop is 'n hergeboorte waarmee hy “the light of history” betree, maar die proses van individuasie word eers voltooi deur sy tyd in die wildernis (bl. 37). Jesus se oproep tot berou – Grieks metanoia – hou verband met die Hebreeuse begrip teshuva, “terugkeer” of “antwoord” in reaksie op God se roepstem; 'n “basic motif of Judaism” (bl. 37).

Jesus se keuse van dissipels uit die ‘am-ha'arets, die gewone mense was revolusionêr, gegewe die antagonisme tussen hulle en die skrifgeleerdes. Chorin beklemtoon dat Jesus die gelyke was van die skrifgeleerdes en dat daar talle gevalle is in die evangelies waar sy dissipels nie hulle rabbi verstaan het nie, maar dat Jesus homself wel aan mense openbaar het op maniere wat hulle kon verstaan, volgens die Talmudiese beginsel dat die Torah spreek “according to the language of men” (bl. 49). Die Bergpredikasie pas volgens Chorin in by die “tradition of rabbinic Judaism”; dit is “Jewish doctrine from beginning to end” (bl. 51). Jesus leer in die styl van die *Tannaim*, die rabbi's van die eerste twee eeue n.C. (bl. 51). Oor die bruilof in Kana wys Chorin daarop dat die “derde dag” in die verhaal bloot verwys na die derde dag van die Joodse week, Dinsdag. Chorin sien Jesus se bruuske antwoord aan Maria (Johannes 2:4) as strydig met die gebod om 'n mens se ouers te eer (Ex. 20:12). Chorin wys daarop dat Jesus nêrens verwys na liefde vir die moeder nie, maar dit selfs verwerp (Luk. 14:26).

Jesus se lering deur gelykenisse herinner aan Palestynse rabbi's se voorliefde vir die vorm, soos reflekteer in die Mishna. Al die versoeke in die Onse Vader het parallels in Joodse gebede. Oor die vraag of Jesus getroud was, argumenteer Chorin dit sou ondenkbaar wees vir 'n rabbi van die tyd om nie 'n vrou te hê nie, terwyl dit nie vreemd is dat niks gesê word oor Jesus of die dissipels se vrouens nie. Volgens tradisie is vier bekere wyn gebruik tydens die Seder-maaltyd aan die begin van Pesach; 'n vyfde is soms reggesit as teken van die aankondiging van die Messias wat die pad sou berei vir die “awesome Day of Yahweh” (bl. 150). Dit is hierdie “cup of suffering” wat Jesus bid by hom sal verbygaan (bl. 150). In Getsemane word hy gekonfronteer met die “Night God, the night side of God”; die Een wat met Jakob gestoei het en Moses wou doodmaak; die “nocturnal-demonic Yahweh”; hierdie “Unfathomable One thirsts for blood at night” (bl. 150-151).



Jesus moet aan die kruis die vyfde beker van die Pasga drink, die beker van lyding (Joh. 18:11). Ben-Chorin interpreteer Kajafas se vraag in Markus 14:61 in die lig van Psalm 2:7: wanneer 'n koning van die Jode die troon bestyg het, was hy beskou as "newly begotten son of God" (bl. 161); dit blyk ook uit Ps. 89:27-29. Kajafas kon uiteraard nie die vraag bedoel het in die sin van latere Christelike dogma nie. Die manier waarop Jesus Maria aanspreek aan die kruis (Luk. 19:27) dui volgens Ben-Chorin weereens op sy problematiese verhouding met sy moeder. Hy vind dit vreemd dat Jesus nie aan die kruis die Shema' Yisrael uitspreek nie (Deut. 6:4), "which every Jew speaks in the hour of death and which Jesus himself counted among the highest of all commandments" (bl. 184). Die opstanding kan volgens hom nie begryp word as 'n historiese verskynsel nie; ons weet wel dat Jesus oor en oor opgestaan het in die gees van mense wat Hom ontmoet het. Ben-Chorin stem saam met Rudolf Bultmann dat die verhale van die opstanding nie na Jesus van Nasaret verwys nie, maar na die verheerlikte Kyrios, "the Christos Pantokrator" (bl. 188). Hy bevestig ten slotte solidariteit met sy Joodse broer, "Yeshua Ben-Yosef of Nazareth" (bl. 188) aan die kruis.



## IN PAS

DS CHRISTIAN OBERHOLZER

Vroeg in Junie het ons kollegas met Tom Smit 'n wonderlike gesprek gevoer rondom die In Pas Leergemeenskap en hoe ons gemeente daarby kan inskakel. In Pas is 'n leergemeenskap wat verskillende praktyke en ritmes inoefen wat ons in staat stel om In Pas met die Lewende God te kan leef. Ons is baie opgewonde om meer van hierdie praktyke en ritmes in te oefen in ons gemeente se alledaagse doen en late, en om elke lidmaat nog meer te bemagtig, sodat ons elke dag nog meer in pas met die lewende God kan leef. Een so 'n oefening is Godstories, oefen dit gerus in by jou huis of saam met jou mense.

## GODSTORIES

God is sigbaar en lewend teenwoordig in die daaglikse lewe en werk van elke gelowige. Daarom is ons persoonlike verhale, kragtige bewyse van hoe die Heilige Gees in ons lewe beweeg. Deur hierdie verhale met mekaar te deel, leer ons by mekaar en word ons uitgedaag om God ook in ons eie daaglikse lewe raak te sien en met sy beweginge in pas te kom. Vat 'n oomblik en reflekteer oor jou week of dag en deel met jou groep of huishouding waar jy God se teenwoordigheid raak gesien het. Hierdie oefening veronderstel 'n openheid om deur die Gees verras te word en om God in ons alledaagse lewe en wêreld te ontdek. God is nie net in die groot en buitengewone dinge nie, maar ook in die doodgewone alledaagse gebeure van ons lewens.

Jou uitdaging vir die week is om elke dag een Godstorie te vertel. 'n Goeie plek om dit in te oefen is rondom die etenstafel.

Wat is op pad?



# PREEKREEKS

26 JUL - 30 AUG

UNDER  
CONSTRUCTION



*Oppistoep*

STRAATBRAAI

15 SEPT  
17:30

2026



NGUNI

Bring:



*Jesus en die Rabbi's*  
Martin Slabbert

*Bybelskool*  
1, 8 & 22 Sept

NG UNIVERSITEITSOORD







# Studente Uitreike

**Tshipise Fietstoer**

27 Junie - 6 Julie 28 Junie - 8 Julie

*Dankie vir al die gebede!*

## MEER INLIGTING



[linktr.ee/universiteitsoord](https://linktr.ee/universiteitsoord)

## KONTAK ONS

Kerkkantoor:

066 408 0909

[kantoor@unio.co.za](mailto:kantoor@unio.co.za)

Maretha Minnaar

Finansies & Admin

Maryna Enslin

Bemarking & Kommunikasie

Predikante:

Arno Meiring

Tuisgemeente

082 807 4530

[arno@unio.co.za](mailto:arno@unio.co.za)

Anuschka du Plessis

Amicus - Dagstudente

072 599 0695

[anuschka@unio.co.za](mailto:anuschka@unio.co.za)

Christian Oberholzer

Meraki - Koshuisstudente

082 349 7317

[christian@unio.co.za](mailto:christian@unio.co.za)

## DIENSTYE

Sondae 09:30 & 19:00

## ADRES

Duxburyweg 105, Hillcrest, Pretoria, 0083

*Is jy uitstедig?*

**volg ons dienste op**



# YouTube



[www.universiteitsoord.co.za/preekopnames](https://www.universiteitsoord.co.za/preekopnames)

## DANKOFFERS

NG Gemeente Universiteitsoord

ABSA

Tjekrekening

Takkode 632005

540 580 006

SnapScan



[www.universiteitsoord.co.za](https://www.universiteitsoord.co.za)

